# STELLENBERG BYBELSKOOL



# DIE KLEIN PROFETE

**Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach**

**Mei 2021**

# SESSIE 1 – DIE KLEIN PROFETE

## ‘n Oorsig van die Bybelse profete en die konteks waarbinne hulle opgetree het

Welkom by ons Stellenberg Bybelskool waar ons vir die volgende paar weke die reeks Bybelboeke in die Ou Testament wat as die Klein Profete (Boekrol van die Twaalf) bekendstaan, gaan verken.

Hoekom ‘n kursus oor die Klein Profete in 2021?

- Eerstens wil ons in Stellenberg lidmate aanmoedig om in die loop van 2021 deur die hele Bybel te lees. Ons wil juis in hierdie jaar in ons Bybelskool op Bybelboeke fokus waaruit ons selde lees en bestudeer.
- Tweedens het die afgelope jaar se covid realiteit ons by ‘n plek uitgebring waar ons in die toekoms instaar in die hoop om iets daar te kan sien wat ons hoop gee. Die boodskap van die profete hou verrassend meer in as om net die toekoms te probeer voorspel. Deur hulle boodskap, wou hulle gelowiges help om die verlede te evalueer om sodoende beter insig in hulle hede te kry. Die profete se boodskap wou eintlik gelowiges inspireer om hulle gedrag aan te pas om ‘n nuwe toekoms te laat realiseer.

Mag jy daarom in die volgende paar weke ervaar hoe die boodskap van Hosea, Joel, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria, en Maleagi jou aanspreek om met hoop, geloof en liefde in jou hede te leef.

## 1. ‘n Kort oorsig oor profesie in die Ou Testament

In die Hebreeuse Bybel beslaan die profete een van drie boekdele:

- **Die Wet** (in Hebreeus die *Tora* genoem). Dit is saamgestel uit die eerste vyf boeke van die Hebreeuse Bybel: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium.
- **Die Profete** (in Hebreeus die *Nevi’im* genoem). In die Hebreeuse Bybel sluit dit die volgende Bybelboeke in: Joshua, Rigters, Samuel, Konings, Jesaja, Jeremia, Esegiël asook die 12 Klein Profete of te wel die Boekrol van die Twaalf. Die benaming “klein profete” dui nie op belangrikheid of statuur van die profeet self nie, maar op die lengte van die geskrif (in onderskeid van Jesaja, Jeremia, Esegiël en Daniël wat langer is).
- **Die Geskrifte** (in Hebreeus die *Ketuvim* genoem) wat die volgende boeke insluit: Psalms, Spreuke, Job, Hoogliedere, Rut, Klaagliedere, Prediker, Ester, Daniël, Esra/Nehemia en Kronieke.

Wanneer ons die term “profeet” hoor is ons geneig om te dink aan iemand baie godsdienstig wat die gawe het om die toekoms te voorspel. Alhoewel daar wel elemente van voorspelling in Bybelse profesie voorkom, was dit nie die kern van hulle boodskap nie.

Verskillende terme vir die woord profeet in die Bybel

- In die Hebreeuse Bybel word die term ***“nabi”*** gebruik, wat vertaal kan word met, “een wat geroep is”.
- In die Griekse Bybel word die term “***prophetes****”* gebruik, wat vertaal kan word met, “een wat die wil van God spreek/interpreteer”.
- Sommige profete was ook *“**sieners**”* genoem. Hulle het met ander woorde visioene met mense gedeel.
- Ander terme wat ook aan profete toegeken was, is “**man van God**”, “**boodskapper van Jahweh**”.

Die volgende uitleg deur La Sor, Hubbard & Bush in *The Old Testament Survey,* gee ons 'n baie ruimer perspektief op profete in die Ou Testament.

## PROPHETS

Prior to Samuel

- Enoch (Jude 14)
- "Holy prophets from the beginning" (Luke 1:70; Acts 3:21)
- Abraham (Gen. 20:7; cf. Ps. 105:14f.)
- Moses (Num. 12:1-8; Deut. 34:10; Hos. 12:13)
- Miriam (prophetess; Exod. 15:20)
- Eldad, Medad, and the Seventy (Num. 11:24-29)
- Deborah (prophetess; Judg. 4:4)
- "Man of God" (13:6ff.)
- Prophetic vision rare in the days of Eli (1 Sam. 3:1)

Monarchy [*ca.* 1075-931]

- Samuel (1 Sam. 3:1) [time of Saul and David]
- Gad (2 Sam. 22:5) [Saul and David]
- Nathan (12:1) [David]
- Ahijah (1 Kgs. 12:22) [Rehoboam and Jeroboam I]
- Saul, David, Solomon; experiences with prophetic characteristics
- Asaph, Heman, and Jeduthun (Ethan) (1 Chr. 25:1)
- Iddo (seer; 2 Chr. 9:29) [Solomon, Rehoboam, and Ahijah]

From division of the Monarchy to the Assyrian period [931-*ca.* 800]

- Shemaiah (1 Kgs. 12:22) [Rehoboam]
- Ahijah, Iddo (see above)
- Hanani (seer; 2 Chr. 16:7) [Asa]
- Jehu son of Hanani (1 Kgs. 16:1) [Asa and Jehoshaphat]
- Elijah (17:1) [Ahab and Ahaziah of Israel]
- Elisha (19:16) [Ahab–Jehoash of Israel (860-*ca.* 795)]
- Micaiah ben Imlah (22:4) [Ahab]
- Jehaziel and Eliezer (2 Chr. 20:14, 37) [Jehoshaphat of Judah]
- • Zechariah (24:19) [Joash]
- Unnamed prophet (1 Kgs. 20:13) [Ahab]
- Unnamed prophet (2 Kgs. 9:4) who anointed Jehu
- "Sons of the prophets" (1 Kgs. 19:10)
- "False" prophets (ch. 13; etc.)

Eighth-century [*ca.* 800-*ca.* 675]

- • Obadiah
- • Joel [reign of Joash (?)]
- • Jonah [Jeroboam II (?)]

- Amos [Uzziah of Judah and Jeroboam II]
- Hosea [before fall of Jehu's dynasty]
- Micah [Jotham, Ahaz, and Hezekiah]

Isaiah [Uzziah, Jotham, Ahaz, and Hezekiah]
("Deutero-Zechariah" [prior to 722 (?)])
Oded (2 Chr. 28:9)

Seventh-century [*ca.* 675-597]

- Nahum [between 663 and 612]
- Habakkuk [perhaps shortly after 605]
- Zephaniah [Josiah]

Jeremiah [626-586]

Sixth-century [*ca.* 597-538]
Ezekiel [592-572 (or 570)]
(Daniel [605-538, or considerably later])
Isaiah 40-66 [*ca.* 550-538 (possibly later)?]

Postexilic (*ca.* 538-*ca.* 450)

- Haggai [520]
- Zechariah 1–9 [520 and 518]
- Malachi [between *ca.* 486 and 450]

## 2. Ou Testament profete binne die groter konteks van gebeure in die Ou Nabye Ooste

Die inhoud van die Ou Testament loop baie nou saam met die destydse internasionale, sosiale, ekonomiese en politieke realiteite. Inteendeel, die profete se boodskap was juis ‘n reaksie daarop. Voor ons dus by die individuele profete uitkom, is dit nodig om hierdie konteks te verstaan en kern gebeure wat tot die optrede van profete aanleiding gegee het.

## 2.1. Egiptiese ryk vanaf die 12 de eeu vC



Figuur 1. Die Egiptiese Merneptah stela waarop die naam "Israel" voorkom.

Tydens die periode van die Nuwe Koninkryk in 1549-1069 vC was Egipte die wêreldmag wat oor die gebied van Kanaän regeer het. Van die bekendste Farao's soos Tuthmosis I & III, Akhenaten, Tutankhamen en Ramses het in hierdie tyd geleef. Egipte was dus in beheer toe die Aardsvaders (Abraham, Isak, Jakob) en Israeliete in stamverband in Kanaän gebly het. Die ligging van Kanaän op die hoof handelsroetes met Mesopotamië, het besit van die gebied baie belangrik gemaak. Die sukses van die Nuwe Koninkryk was te danke aan Egipte se diplomatieke bande met ander nasies in die Ou Nabye Ooste wat handelsbelange bevoordeel het en uiteindelik tot groot ekonomiese voordeel was. Die vroegste buite Bybelse verwysing na die bestaan van Israel kom uit die Egiptiese geskrif wat as die *Marneptah stele* (1208 vC) bekendstaan (Figuur 1). Dit vertel hoe die Egiptiese Farao in Kanaän sy heerskappy op 'n volk, wat Israel genoem word, afdwing (Figuur 2).




Figuur 2. Die Egiptiese koninkryk wat die gebied van Kanaän insluit.

Tydens die derde intermediêre periode (1069-653 vC) in Egipte se geskiedenis het hulle mag in die Ou Nabye Ooste begin kwyn. Die magsvakuum wat in die omgewing van 1000 vC in Kanaän gelaat is, het die geleentheid geskep vir ‘n aantal onafhanklike koninkryke om in die gebied te vestig, waaronder die Filistynse stadstate en die koninkryk van Israel (Saul, Dawid en Salomo).

**SLEUTELTEKS. Lees 1 Samuel 8**

Samuel se roeping het ‘n nuwe era van profete in die Ou Testament ingelei, omdat dit nou saamgehang het met die opkoms van die monargie (era van konings in Israel en Juda). Toe die volk in stamverband in Kanaän geleef het was hulle godsdienstig by verskeie aanbiddingsplekke deur priesters bedien.


Lees in 1 Samuel 8 die volk se versoek om soos die ander nasies om hulle, ‘n koning oor hulle aan te stel. Wat dink jy lê agter die versoek? Die woorde van die Here in Samuel 8:11-18 is ‘n kort opsomming van die realiteit wat hierdie sisteem vir die volgende 200-300 jaar sou bring. In hierdie monargale periode tree die profete hoofsaaklik as die koning se raadgewer op om God se wil/stem aan hom bekend te maak. Elke koning het nie noodwendig ‘n eie profeet gehad nie, maar is deur ‘n skool van profete bedien. Die vroeë era van profesie staan as die “mondelinge” of “nie-geskrewe” profete bekend in onderskeid met die “geskrewe of Skrifprofete” aan wie aparte Bybelboeke toegeken is.

Die magsvakuum in die Ou Nabye Ooste het koning Dawid in 1010-970 vC die geleentheid gebied om sy koninkryk in Kanaän te bou en uit te brei (Figuur 3). Die kostes daaraan verbonde was egter astronomies groot. Die bouprojekte van sy seun Solomo wat hom opgevolg het, het die betaal van belastings ( 1 Konings 4:20-21) genoodsaak en is segmente van die volk tot arbeid gedwing. Dit was tydens Salomo se koningskap wat die tempel in Jerusalem gebou is. Die staatsbestel met sy ekonomiese sisteem het die samelewing begin verdeel. Rondom 930 vC het opstande daaroor het uiteindelik aanleiding gegee tot die skeuring van die ryk in twee aparte koninkryke. Die Here se waarskuwings oor die reg van die koning in 1 Samuel 8 het gerealiseer. Ongelukkig was dit net die begin van die moeilikheid wat in die volgende 200- 300 jaar aanleiding sou gee tot die profete se pleidooie.

**SLEUTELTEKS. Lees 1 Konings 12:1-20**

Rondom 930 vC skeur Salomo se koninkryk dus in twee aparte koninkryke wat in die volgende 200 jaar in vyandskap met mekaar sou leef (Figuur 3). Alhoewel hulle uit dieselfde godsdienstige tradisie kom het hulle polities en ekonomies apart van mekaar voortbestaan.

- Die Noordelike ryk of te wel die <u>koninkryk van Israel</u> met Samaria as die hoofstad onder beheer van Solomo se seun Jerobeam.
- Die Suidelike <u>koninkryk van Juda</u> of te wel die koninkryk van Juda met Jerusalem as die hoofstad onder beheer van Salomo se seun Rehabeam.




Figuur 3. Die Verenigde Koninkryk van koning Dawid (c. 1010-970 vC) en die verdeelde koninkryk na 930 vC.

| JUDAH | |
|---|---|
| Years (BC) | King |
| 931 - 914 | Rehoboam |
| 914 - 911 | Abijah |
| 911 - 870 | Asa |
| 870 - 845 | Jehoshaphat |
| 853 - 842 | Jehoram |
| 842 - 841 | Ahaziah |
| 841 - 835 | Athaliah |
| 835 - 795 | Joash |
| 796 - 767 | Amaziah |
| 789 - 737 | Azariah |
| 737 - 721 | Jotham |
| 730 - 715 | Ahaz |
| 715 - 686 | Hezekiah |
| 697 - 642 | Manasseh |
| 642 - 640 | Amon |
| 640 - 609 | Josiah |
| 609 - 609 | Jehoahaz |
| 609 - 598 | Jehoiakim |
| 608 - 598 | Jehoiachin |
| 598 - 587 | Zedekiah |

| ISRAEL | |
|---|---|
| Years (BC) | King |
| 931 - 910 | Jeroboam I |
| 910 - 909 | Nadab |
| 909 - 886 | Baasha |
| 886 - 885 | Elah |
| 885 - 885 | Zimri |
| 885 - 880 | Tibni |
| 885 - 874 | Omri |
| 874 - 853 | Ahab |
| 854 - 853 | Ahaziah |
| 853 - 841 | Joram |
| 841 - 813 | Jehu |
| 813 - 796 | Jehoahaz |
| 798 - 782 | Jehoash |
| 792 - 751 | Jeroboam II |
| 751 - 750 | Zachariach |
| 750 - 750 | Shallum |
| 750 - 740 | Menahem |
| 740 - 738 | Pekahiah |
| 738 - 718 | Pekah |
| 718 - 709 | Hoshea |

## 2.2. Die Assiriese ryk (853-605 vC)

Die opkoms van die Skrifprofete (c.750-700 vC ) gaan hand aan hand saam met die opkoms van die Assiriese ryk waartydens ons die stemme van die volgende profete hoor:


- Amos (750 vC) & Hosea (750-725 vC) wat in die Noordelike ryk optree.
- Jesaja (740-701 vC) & Miga (722-701 vC) wat in die Suidelike ryk optree.




Figuur 4. Die Assiriese ryk vanaf 824 - 671 vC.

**SLEUTELTEKS. 2 Konings 16 (die Siro Efraimitiese oorlog)**

Die verhouding tussen die koninkryke van Israel en Juda was deurentyd gespanne. Die Siro Efraimitiese oorlog in 734 vC gee ‘n goeie perspektief op omstandighede in hierdie tyd. Net soos in die tyd van die Egiptiese koninkryk het ‘n aantel kleiner koninkryke as vasaal state van die Assiriërs in Kanaän geleef. Resin, koning van Aram (in Damaskus) het saam met Peka, koning van Israel (in Samaria) saamgespan om van die oorheersing van Assirië vry te kom. Omdat koning Agas nie deel van die koalisie wou wees nie, het hulle teen hom oorlog verklaar (Siro Efraimitiese oorlog). Tydens hierdie inval, het die Filistyne en Edomiete probeer muntslaan uit die situasie deur die koninkryk van Juda verder te plunder. Agas het as onderdaan van Assirië hulle hulp ingeroep waarna hulle die aanval van Israel, Aram en die Filistyne afgeweer het.




Twee baie belangrike gebeure in hierdie tydperk was:

1. Die inname van Samaria (Noordelike ryk) deur die Assiriërs in 722 vC deur Koning Salmaneser van Assirië – lees meer hieroor in 2 Konings 18:9-12.
2. Hierna het die Assiriese weermag afgetrek om ook die Suidelike ryk in 701 vC te vernietig. Koning Sanherib van Assirië, het Jerusalem beleër en as gevolg van 'n ooreenkoms, is die stad nie vernietig nie. Lees meer hieroor in 2 Konings 18-19.

In hierdie era, skuif die boodskap van die profete van die koningshof na mense in die samelewing en die nasies om hulle.

Beide die koninkryke van Israel en Juda was dus in hierdie tyd onderdane van die Assiriërs aan wie gereelde belastings betaalbaar was. Reg deur die bestaan van beide koninkryke het hulle elke geleentheid aangegryp om politieke onafhanklikheid te kry deur met ander nasies ooreenkomste te sluit in ‘n poging om hulle koninkryk uit te brei en ‘n sterker ekonomie te bou. Hulle was self bereid om vir hierdie doel mekaar te vernietig. In hierdie spel was koalisies met verskillende nasies om hulle aan die orde van die dag. Die boodskappe van die profete moet teen hierdie agtergrond gelees word. Die koningshof was korrup en het net die ryk segment van die samelewing bevoordeel. Die soeke na politieke en ekonomiese onafhanklikheid het hulle op die oueinde duur te staan gekom en gelei tot die vernietiging van beide koninkryke. Die profete waarsku aanhoudend dat die sisteem van korrupsie en onreg hulle op die einde gaan inhaal.

## 2.3. Die Nuwe Babiloniese ryk (605-539 vC)

Met die veldslag van Karkemis in 605 vC neem die Nuwe Babiloniese ryk die kroon van die Assiriërs as wêreldmag oor (tydens hierdie oorlog het Egipte en Assirië sonder sukses as bondgenote saam teen die Nuwe Babiloniese ryk verenig).




Figuur 5. Die nuwe Babiloniese ryk.

**SLEUTELTEKS. Koning Josia. 2 Konings 23: 25, 28-29**

Koning Josia van Juda (Jerusalem) word uitgesonder as een van die mees opregte konings wat ooit geleef het. Hy het verskeie godsdienstige hervorming aangekondig, maar dit blyk dat die ideaal van 'n Koninkryk, hom ook uiteindelik sou inhaal. In 'n poging om sy koninkryk uit te brei tot die glorie dae van Dawid, besluit hy om met die internasionale politiek in te meng en koning Neko van Egipte aan te vat. Sy godsdienstige hervorminge het by hom die vals gerustheid geskep dat God in die oorlog teen Neko aan hulle kant is. Lees ook 2 Kronieke 35:20-27 se weergawe van hierdie gebeure. Wat is die tragedie van hierdie gebeure?

**SLEUTELVERS. Die Babiloniese ballingskap. 2 Konings 24.**

Die koninkryk van Juda het as vasaal onder die heerskappy van die Nuwe Babiloniese ryk geleef. Toe koning Jojakim van Juda, soos vele van sy voorgangers, egter teen die Babiloniërs rebelleer, het koning Nebukadneser Jerusalem ingeval en die koninkryk vernietig. Teen hierdie tyd behoort die herhalende patroon in die gedrag van konings en die samelewing duidelik te wees. Die ideaal van voorspoed, rykdom en 'n onafhanklike koninkryk, laat keer op keer mense die verkeerde besluite neem wat die breë samelewing benadeel.

Profete wie se stemme in hierdie tydperk gehoor word:

- Met die inval van Jerusalem deur die Babiloniërs in 597 vC - Nahum, Habakuk en Sefanja.
- Met die inval van Jerusalem deur die Babiloniërs in 586 vC - Esegiël en Jeremia.

Die ekonomies aktiewe deel van die bevolking is na Babel in ballingskap weggevoer (Klaagliedere gaan oor hierdie periode). In hierdie tydperk van ballingskap hoor ons die stemme van profete soos Esegiël, "Deutero (Jes 40-55) en Trito Jesaja"(Jes. 55-66). Die situasie het allerhande vrae laat ontstaan. Is God nog in beheer en tot watter mate het Hy beheer oor ander nasies en koninkryke in die Ou Nabye Ooste?

In hierdie tyd bevestig die profete God se heerskappy asook die troos van herstel. Die boodskap van die vroeë profete word ook in hierdie tyd herverwerk deur verdere teologiese interpretasies by te voeg (Deutronomis).

## 2.4. Persiese ryk (539-331 vC)




Figuur 6. Die omvang van die Persiese ryk tussen 539-331 vC.

**SLEUTELTEKS. Esra 1-2 asook Jesaja 45**

In die jaar 538 vC neem die Persiese ryk as wêreldmag van die Babiloniese ryk oor. Koning Kores van Persië het die ballinge weer na Juda (Jerusalem) toe laat terugkeer. Die tydperk na die ballingskap kenmerk die begin van die einde van die profetisme in Israel. Haggai, Maleagi en die skrywers van Sagaria 1-8 en 9-14 het in hierdie tyd opgetree. Die profete na die ballingskap (na-eksiliese profete) het nou aangesluit by die boodskap van die profete voor die ballingskap (voor – eksiliese profete). Hulle eie profesie was egter gebaseer op ‘n hersiening/reïnterpretasie/hertoepassing van die boodskap van die vroeë profete.

Hulle leefwêreld wat oor 400 jaar radikaal verander het, het hulle tot ander interpretasies genoodsaak.


Die verdwyning van die profete is deur verskeie faktore veroorsaak:

- In die tyd van Esra het die belangrikheid van die Wet al hoe meer prominent geword. Dit het soveel mag gekry dat die profetiese insig deur die voorskrifte van die Skrifgeleerders (bestudeer die Wet) vervang is. So het die Wet van God die medium geraak waardeur die volk God se stem gehoor het.
- ‘n Ander aspek was die profete se verbondenheid aan die tempelkultus. Na die ballingskap het profetiese uitsprake deel van die tempelkultus geword en daarmee vervang.

BELANGRIK – As gevolg van die uitdaging om al die Klein Profete te dateer bestaan daar verskeie kronologië. Die twee figure hieronder mag dus van mekaar verskil maar gee in breë ‘n perspektief oor die periode waarin die Klein Profete opgetree het.

**Chronology Of The Prophets**

| | To Israel | To Judah | To Foreign Nations |
|---|---|---|---|
| Assyrian Age | Amos (c. 763-750 B.C.)<br>Hosea (c. 755-715 B.C.) | Isaiah (c. 740-770 B.C.)<br>Micah (c. 737-690 B.C.) | Jonah (c. 770-750 B.C.) |
| Babylonian Age | | Habakkuk (c. 630-605 B.C.)<br>Zephaniah (c. 640-609 B.C.)<br>Jeremiah (c. 627-580 B.C.)<br>Daniel (c. 605-530 B.C.)<br>Ezekiel (c. 593-570 B.C.) | Nahum (c. 663-615 B.C.) |
| Persian Age | | Haggai (520 B.C.)<br>Zechariah (c. 520-518 B.C.)<br>Joel (c. 800-500 B.C.)<br>Malachi (c. 433 B.C.) | Obadiah (c. 586-553 B.C.) |



The Minor Prophets
BC
850
840
830
820
810
800
790
780
770
760
750
740
730
720
710
700
690
680
670
660
650
640
630
620
610
600
The Southern Kingdom of Judah
Ahaziah
Joash
Uzziah
Jotham
Ahaz
Hezikiah
Manassah
Amon
Josiah
Jehoiakim
Zedekiah
The destruction of Jerusalem and exile to Babylon
The Northern Kingdom of Israel
Jeroboam II
Zechariah
Menahem
Pekah
Hoseh
The siege and fall of Samaria
Joel
Amos
Hosea
Jonah
Nineveh
Micah
Nahum
Nineveh
Zephaniah
Habakkuk
Edom
Obadiah